

Sing vooraf staande: Psalm 89:1, 7 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit eewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gewewe.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 107:1, 3 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Romeine 8:31-39

Kernverse: Romeine 8:31, 37

**Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?
Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.**

(Romeine 8:31, 37 AFR 1953)

Tema: Vrede met God beteken ons is meer as oorwinnaars

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het almal al seker die ondervinding gehad dat ons 'n lekker vakansie gehad het en wens dit kon nog so 'n rukkie langer aanhou, want ons sien regtig nie daarna uit om weer terug te gaan werk toe met die vaste roetine nie. Ons Christene kan ook so gevoel hê oor die Sondag en veral vandag omdat ons in die nagmaal weereens verseker is dat God ons sy kinders gemaak het. Ons wil hê dat hierdie Sondag nog langer moet aanhou, want as ons hier uit die kerkgebou uitgaan, moet ons weer die lewe van elke dag in die oë staar. En môre is dit Maandag. Dan is dit weer skool en werk soos gewoonlik. Maar dit is nie eintlik oor die Maandag, of die skool of werk wat ons wil hê dat die Sondag langer moet aanhou nie. Dit is oor al die teëstanders wat ons

weer gaan teëkom nadat ons hierdie heerlike versekering gekry het – ons is verlos van al ons sondes en ons behoort geheel en al aan God deur Jesus Christus.

Ons weet mos, want dit het al in die verlede met ons gebeur – hierdie teëstanders gaan weer maak dat ons twyfel. Elke keer wanneer een van ons teëstanders 'n aanval op ons loods en ons val daarvoor, vervaag ons sekerheid dat ons voluit aan God behoort bietjie vir bietjie totdat ons weer met hangskouertjies moedeloos en verwese staan. Maar is dit hoe die Here ons wil sien? Nee, beslis nie! Sal die wêreld uit so 'n liggaamshouding kan aflei dat ons die enigste lewende en almagtige God as ons Vader het? Nee, hoegenaamd nie!

Geliefdes, aangesien die Here nie wil sien dat ons soos verloorders lyk nie, maar ons met ons hele lewenshouding wil gebruik om te getuig hoe groot en goed Hy is, verseker Hy ons vanaand dat ons meer as oorwinnaars is. 'n Mens kan mos sommer aan iemand se houding sien dat hy 'n oorwinnaar is. Kyk maar hoe lyk iemand wie se span die rugbywedstryd gewen het. Kom ons luister hoe leer die Here ons self.

Paulus begin ons eerste kernvers so:

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? (Romeine 8:31 AFR 1953).

By die aanhoor van hierdie vraag wil ons graag weet waarna verwys *hierdie dinge*. Die manier waarop die vraag gevra word, lei ons om raak te sien dat Romeine 8:31-39 die gevolgtrekking is van wat reeds gesê is. Om die gevolgtrekking te verstaan moet ons eers gaan kyk waarna die woorde *hierdie dinge* verwys. Getrou aan verantwoordelike Bybellees moet ons na die konteks gaan kyk. In die eerste plek kan en behoort 'n mens die hele boek Romeine te bekyk. Paulus het die boek Romeine geskryf aan die gelowiges in Rome sodat hulle self seker kan wees dat hy die evangelie van Jesus Christus suiwer verkondig. In die eerste deel van die boek tot by Romeine 3:20 het hy geskryf hoe groot die mens se ellende is. En dit is nie net sommige mense wat ellendig is. Elke liewe mens op die hele aarde is in hierdie groot ellende. Luister maar net weer hoe dit geskryf staan:

Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, ... daar is nie een wat na die wil van God vra nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. (Romeine 3:10-12 AFR 1983)

Daarna het hy voortgegaan en geskryf oor die verlossing wat God vir ons bewerk het deur Jesus Christus.

Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterf (Romeine 5:6 AFR 1983).

Ons kan dus met veiligheid sê dat die woorde *hierdie dinge* na al die verkondiging in Romeine 1 tot 8 verwys. Maar die tyd gaan ons nie toelaat om alles weer te hoor waarna *hierdie dinge* in Romeine 1 tot 8 verwys nie. Kom ons kyk daarom na die onmiddellike gedeelte wat hierdie vraag voorafgaan.

Hierdie dinge verwys na die belofte dat daar nou geen veroordeling is vir dié wat in Christus Jesus is nie (Rom 8:1), dit verwys na die heerlike werk van die Heilige Gees in ons gelowiges (Rom 8:4-27) en na die feit dat ons verlossing alleenlik van God afhanklik is (Rom 8:28-30). Dit is die heerlike boodskap wat die Heilige Gees ons vanoggend ook in die nagmaal met die tekens van brood en wyn geleer het.

En hoor nou weer die vraag:

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? (Romeine 8:31 AFR 1953).

Die antwoord op hierdie vraag wil die implikasies van die heerlike boodskap van Romeine 8 uitspel. Die antwoord op die vraag spel ook die implikasies van die boodskap van nagmaal aan ons uit. Nou moet ons nie te vinnig wees om agter te kom wat die implikasie van die heerlike boodskap is en dan nie die groot waarheid in hierdie vraag raaksien nie. Watter waarheid? sal jy vra. Hierdie waarheid – die openbaring van die Here vereis 'n reaksie van die gelowige! Paulus vra nie: Sal ons iets sê? nie. Hy vra: **Wat sal ons dan ... sê?** By Paulus is daar geen twyfel nie; dit is noodsaaklik dat ons iets sal

sê in reaksie op wat wat die Here aan ons openbaar. God se Woord en in besonder die verlossingsboodskap is nie maar net inligting wat ons in 'n lêer kan wegbêre nie. Om na die openbaring van die Here te luister is ook nie maar iets wat ons doen om die tyd om te kry nie. Die Here gee sy Woord aan ons sodat ons daarop sal reageer en dit sal gehoorsaam. Vanaand lei die Heilige Gees ons om gepas te reageer op die heerlike boodskap wat ons vandag weer gehoor het.

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

(Romeine 8:31 AFR 1953).

Geliefdes, om die impak van die verlossingsboodskap behoorlik te begryp sodat ons die gewenste reaksie sal toon in en met ons lewe, moet ons aandagtig kyk wat die Heilige Gees vir ons hier neergeskryf het. Die antwoord op die eerste vraag, **Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?** is nog 'n vraag: **As God vir ons is, wie kan teen ons wees?** En hierdie tweede vraag bestaan uit twee dele. Die hoofgedeelte in hierdie vraag is hierdie woorde: **wie kan teen ons wees?**

Indien Paulus net sou gevra het: **wie kan teen ons wees?**, kan ons maar seker wees dat daar 'n horde stemme sou uitskree: Ek is teen julle! Almal wat teen ons is, sou mekaar letterlik vertrap en verskree het om dit duidelik te maak dat hulle teen ons is. Kyk maar net na die lys van slegte omstandighede in vers 35: **Lyding ... benoudheid ... vervolging, honger ... naaktheid, gevaar ... swaard** (Romeine 8:35 AFR 1983). Al hierdie dinge staan gereed om ons van die liefde van Christus te skei. Al hierdie dinge word teen die gelowiges gebruik om hulle te laat twyfel aan die liefde van God vir hulle.

Dan het ons nog nie eers van ons eie sondige geardheid gepraat nie. Hy staan hier binne-in my en jou om die hoekie met 'n smalende grynslag en dink by homself: wag maar net totdat jy tussen jou Christenmaatjies weg is. Ons eie sondige geardheid kan dit nie verdra dat ons aan die Here gehoorsaam wil lewe nie. Daar is ook nog die dood. Die dood is wel deur Christus oorwin, maar die dood is nog nie vernietig nie. Dit sal eers gebeur wanneer Christus terugkom. Intussen staan die dood nog dreigend teenoor ons en grynslag om ons bang te maak. Net so is die duiwel ook daarop ingestel om ons onder te kry.

... julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind (1 Petrus 5:8 AFR 1983).

Hoe mooi die duiwel se storietjies ook al mag klink, hy is nie regtig daarop uit om vir ons die beste te gee soos wat hy sê nie. Hy wil ons met alle mag uit Christus se hand uitruk. En kyk net na die lang lys vyande in vers 38 wat ook hulle stemme verhef om te sê dat hulle teen ons is.

Geliefdes, die wêreld met al sy verleiding, ons eie sondige geardheid en die duiwel span hulle kragte teen ons saam. En uit ondervinding weet ons dat hulle veels te sterk vir ons is. Hoeveel selfvertroue ons ook al vanaand mag hê, alleen sal ons nie teen hierdie gedugte span staande kan bly nie.

Die Here wil ook nie hê ons moet alleen teen hulle te staan kom nie. Daarom het die Heilige Gees Paulus gelei om die vraag op 'n bepaalde manier te stel:

As God vir ons is, wie kan teen ons wees? (Romeine 8:31 AFR 1953).

'n Ander vertaling van hierdie vraag kan so lees: *Aangesien God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?* Natuurlik sê Paulus nie dat enige mens sommer hierdie woorde *God is vir ons* vir homself kan toe-eien nie. Op die plek waar hierdie vraag gestel word in Romeine 8, is dit duidelik dat net die mense wat God bestem, geroep, vrygespreek en verheerlik het hierdie vraag hulle eie kan maak. Hierdie jubelende vraag is joune en myne, geliefdes, ons wat in die ware geloof deel gehad het aan die nagmaal. Net ware gelowiges kan met vertroue hierdie vraag al juigende stel.

Broers, susters en kinders, God is beslis vir ons. Ons kan maar net terugblaai in Romeine 8 om daarvan oortuig te raak. Ons is aangeneem in die huisgesin van God:

Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader (Romeine 8:15 AFR 1983).

Die Heilige Gees verseker ons dat ons aan God behoort:

Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Romeine 8:16 AFR 1983).

Ons is erfgename van God:

En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erf-gename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlijkheid (Romeine 8:17 AFR 1983).

En die heerlijkheid wat ons saam met Christus erf, is onoortreflik:

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlijkheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie (Romeine 8:18 AFR 1983).

Ons het die Heilige Gees reeds as eerste gawe ontvang ter bevestiging dat ons erf-gename van God is:

En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het (Romeine 8:23 AFR 1983).

Die Heilige Gees staan ons by wanneer ons self nie weet hoe om te bid nie:

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie (Romeine 8:26 AFR 1983).

God laat alles vir ons ten goede meewerk:

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is (Romeine 8:28 AFR 1983).

God het 'n plan met ons en dit sluit in dat Hy ons wil omvorm tot die beeld van Jesus:

Dié wat Hy lank tevore gekies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is (Romeine 8:29 AFR 1983).

God het ons gekies, vrygespreek en in sy oë is ons reeds verheerlik:

Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik (Romeine 8:30 AFR 1983).

Hoeveel meer en duideliker as dit kan ons kry dat God vir ons? Daar is nie nog beter bewyse as wat die Here self vir ons gee dat Hy vir ons is nie. Daarom kan ons hierdie vraag: **Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?** al juigende en jubelende beantwoord met hierdie woorde: *Aangesien God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?*

Nou weet jy en ek, broer, suster en kind, baie goed dat ons weer in moeilike omstandig-hede gaan kom. Miskien weet jy van 'n moeilike omstandigheid wat jou reeds staan en inwag. Een ding waarvoor ons baie versigtig moet wees is om te dink dat God sy rug op ons gedraai het en daarom beleef ons hierdie moeilike omstandighede. Natuurlik sal ons vyande ons dit wil wysmaak, maar ons mag hulle nie glo nie. Die Here het vandag in die nagmaal en in sy Woord bo alle twyfel bewys dat Hy aan ons kant is.

Ja, dit is inderdaad so dat ons nie altyd mooi sal verstaan waarom juis hierdie moeilike omstandigheid ons getref het nie, maar die moeilike omstandigheid is nooit die gevolg daarvan dat God ons nie meer liefhet nie. God se liefde vir jou, broer, suster en kind, behoort een van die ankers in jou lewe te wees waaroor jy nooit enige twyfel hoef te hê nie. God se liefde vir jou is die een waarheid waarop jy altyd kan reken.

Midde in sulke storms in die lewe is die liefde en getrouheid van God waarskynlik die enigste wat ons gaan hê om aan vas te hou. Paulus het dit beleef. Daar in die tronk tydens sy laaste gevangenskap waarvan ons lees in 2 Timoteus kon Paulus nie die son of die sterre sien nie. In 'n donker tronksel laat jou verstand jou maklik in die steek. Vorige ervarings werp ook nie regtig lig op hoe jy nou moet maak nie. Dan bly daar regtig net een ding oor: Jy moet jouself vasmaak aan die Here se getrouheid en sy liefde in Christus Jesus vir jou. En die twee tou wat die Heilige Gees ons in die hand gee om onself aan God se trou en liefde vas te maak, is sy Woord en gebed. In sy Woord verseker Hy ons onophoudelik van sy liefde en in gebed vra ons dat die Heilige Gees hierdie waarheid onuitwisbaar op ons harte sal graveer.

Onthou, met God aan jou kant is dit 'n oormag teenoor jou vyande, maak nie saak hoe sterk en hoe baie hulle is nie. Hulle mag sterk wees, maar God is almagtig. En Hy is vir ons.

En wanneer ons oortuig is dat God ons werklik liefhet, soos wat Hy ook vir ons gesê en dit bewys het vandag, dan **is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het** (Romeine 8:37 AFR 1953). Ons sal die storm in die lewe nie net-net oorleef nie. Ons sal meer as oorwinnaars daaruit kan stap. Nie omdat ons so sterk was nie, maar omdat ons troue God se liefde vir ons so groot was.

Geliefdes, die Here stuur ons vanaand uit hierdie erediens uit in die wêreld in. Hy weet reeds wat vir ons daar buite wag. Maar ons stap die lewe met vertroue in, want ons weet ons hande is toegevoeg in die almagtige hand van ons goeie Herder, Jesus Christus, en Hy wil ons veilig en behoue voor die troon van sy Vader bring.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 5-4:3, 5, 6 (10:3, 5, 6)

- 3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry, / van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag? / Benoudheid wat ons hier nog wag?
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 Mei 2012